

13 Augustus

Skrifgedeelte: Galasiërs 6:11–18

Fokusgedeelte: Galasiërs 6:14

“Roem oor die kruis”

In die ore van die kind van die Here is die woordjie *kruis* soos musiek. As ons *kruis* sê, hoor ons skone, ryke en heerlike klanke. As ons *kruis* sê, dan dink ons aan selfopofferende liefde wat nooit ooit ter wêreld geëwenaar kan word nie. As ons *kruis* sê, dan hoor ons genade aan sondaars. As ons *kruis* sê, dan weet ons dit is die kern van die evangelie van verlossing. As ons *kruis* sê, dan weet ons dit is die fondament waarop die kerk van die Here gebou is. Ja, in die woordeboek van die Christen is die woordjie *kruis* in goue letters geskrywe, blinkend van onverganklike skoonheid. Natuurlik is die kruis simbool van Christus se lyding en smart, maar vir ons het dit die simbool van redding, verlossing en genade geword. Dan verstaan ‘n mens dat Paulus kan skryf (vers 14): “... mag God dit verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus ...” Ook vir ons is dit ‘n bron van roem: in lewe en sterwe – die kruis; in nood en dood – die kruis; vir tyd en ewigheid – die kruis! Op ons pelgrimsreis op pad na die ewigheid het die kruis van ons Here vir ons redding en verlossing gebring. Mag die evangelie van die kruis ons elke dag laat besef dat die boodskap van die kruis van ons Here is: Vrede vir jou, jou sondes is vergewe – welkom in die ewige Godstad!

Sing: Psalm 38:1,8,17 Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)